
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

WEES SOOS DIE MEESTER

'N LEERLING IS NIE BO SY MEESTER NIE; MAAR ELKEEN WAT VOLLEERD IS, SAL SOOS SY MEESTER WEES (Lukas 6:40).

Hierdie is vir my 'n wonderlike belofte wat nie eers my deel sal wees in die hemel nie, maar dit kom in vervulling vir Christus se volgelinge HIER EN NOU! Dit geld vir ELKEEN WAT DIT SAL GLO: Dit geld vir JOU! Jy kan die siekes genees! Jy kan wonderwerke sien! Jy kan die gawe van die Gees in werking stel (1 Kor. 12:8 – 11)! JY KAN DIESELFDE WERKE DOEN AS WAT HY GEDOEN HET! God het gesê jy kan, en HY KAN NIE LIEG NIE!

God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?(Num.23:19)

Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie (Ps.89:35). Lees weer Lukas 6:40. Die Engelse vertaling lui. **"The disciple is not above his master, but every one that is PERFECT, shall be as his master."** As ek perfek/volleerd kan wees, KAN EK SOOS MY MEESTER WEES! Nou sal jy dalk sê: Dit is onmoontlik, want ons Meester, Jesus Christus was God sowel as mens. En ons is net mens. Kyk weer na die Skrif.

Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom, Daarom moes HY IN ALLE OPSIGTE aan SY broeders gelyk word (Heb.2:16 en 17).

... maar het Homself ontledig deur die GESTALTE VAN 'N DIENSKNEG aan te neem en aan DIE MENS GELYK GEWORD, en IN GEDAANTE GEVIND AS 'N MENS, het Hy Homself verneder (Fil.2:7 en 8).

1 Tim 2:5: Die Mens Christus Jesus.

Een aand toe Jesus en sy dissipels in 'n klein bootjie was, het daar 'n groot storm op die see gekom, sodat die dissipels gevrees het vir hulle lewens. Jesus het die wind en die see bestraf, en daar was onmiddellik 'n groot kalmte. Die manne wat saam met hom in die boot was, was verbaas, en het gesê: **wat vir 'N MENS is hy? (Mat. 8:27)**

Hierdie vraag is vandag nog die uitroep van baie mense as hulle sommige van Sy dissipels sien, wat in die geloof Sy beloftes toeëien en sodoende die siekes genees, die dooies opwek en die Woord verkondig **(soos Jesus self hulle beveel het – Mark: 16:17,18)** met die bonatuurlike bevestiging van tekens wat volg. Baie mense dink dat hierdie 'n snaakse soort spesie is of vreemde soort mense. Hulle is nie. Hulle is alledaagse, gewone mense, gevul met God se Heilige Gees en oorgegee aan God se werk – mense wat ontdek het dat HULLE SOOS HULLE MEESTER kan wees, en het hulle lewens daaraan gewy om hierdie doel te bereik.

Toe die inwoners van Listre sien dat `n man, wat vanaf sy geboorte verlam was, op Paulus se bevel genesing ontvang het, het hulle uitgeroep:

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Wees soos die Meester)

"Die gode het soos mense geword en neergedaal na ons toe." Aangesien hulle ongeleerde heidene was, het hulle natuurlik nie sulke krag in 'n mens geken nie. Dit wil egter voorkom asof baie Christene net so onbewus is van die krag wat God beskikbaar gestel het aan Sy kinders. Toe hierdie arme heiden mense offerandes aan Paulus en Barnabas wou bring, menende dat hulle gode was, wou hulle dit nie toelaat nie, en het gesê**: "Ons is net sulke mense soos julle en ons verkondig die evangelie dat julle jul moet bekeer tot die lewende God" (Hand 14:8 – 15).**

Jesus was waarlik God en waarlik mens. Jesus was ook, volgens Sy eie verklaring, 'n lid van die ewige Drie-enige God, saamgestel uit die Vader (Jahwe), die Seun (Jesus Christus) en die Heilige Gees. Hy het bestaan voordat die wêreld gemaak is, en het deel gehad aan die skepping (Joh. 1:1 – 3). Hy was nie net MET God en soos God nie: HY WAS GOD! Al die hoedanighede van goddelikheid was in Hom. Saam met die Vader was Hy almagtig, alwetend, alomteenwoordig en ewig. **En net so is Hy vandag,** waar Hy verheerlik is aan God se regterhand.

Aan die einde van Sy aardse bediening van die genesing van die siekes en die doen van wonderwerke, toe Hy gereed was om geoffer te word as 'n offer vir ons sondes, siektes en krankhede **(Jes. 53:4,5. Mat. 8:17, 1 Pet. 2:24)** het Hy gebid: **"Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U my gegee het om te doen het Ek volbring. En nou, Vader, verheerlik My by Uself MET DIE HEERLIKHEID wat ek by U gehad het voordat die wêreld was" (Joh. 17:4 en 5).**

Die heerlikheid wat Hy gehad het voor die wêreld was!

Die heerlikheid wat tot vandag toe Syne is!

Die heerlikheid wat EENKANT GEPLAAS is toe Hy die menslike vlees aangeneem het. Toe Hy gekom het as 'n hulpelose baba, gebore uit 'n vrou, besny soos enige ander Joodse seuntjie, toenemend in wysheid en grootte tydens sy kinderdae (Luk 2:52), huilend, honger, dors, moeg, slapend en wakker – Hy het deel gehad in elke swakheid en beperking van menslike vlees en bloed.

(Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het HY DIT OOK OP DIESELFDE MANIER DEELAGTIG GEWORD. Heb. 2:14). Hy was IN ALLE OPSIGTE versoek net soos ons, maar sonder sonde (Heb. 4:15).

Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie (Joh. 1:2 en 3).

Afgesien van dit alles, het Jesus GEEN KRAG GEBRUIK toe Hy op die aarde in die vlees was WAT NIE VANDAG BESKIKBAAR is vir elke gelowige nie! Hierdie stelling sou godslastering wees AS JESUS SELF dit nie keer op keer verduidelik het dat dit Sy plan was nie.

Elkeen wat volleerd is, SAL SOOS SY MEESTER WEES (Luk 6:40).

Soos U my gestuur het in die wêreld, HET EK OOK HULLE IN DIE WêRELD GESTUUR (Joh. 17:18). Die werke wat Ek doen SAL Hulle OOK DOEN (Joh.14:12). Alhoewel Hy die Almagtig God was, het Hy tog in Sy aardse lewe en bediening gesê: **Die Seun kan niks uit homself doen nie. Ek kan uit Myself niks doen nie (Joh. 5:19) en, Die Woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek NIE UIT MYSELF NIE, maar die Vader wat in my bly, Hy doen die werke (Joh. 14:10).**

Die antwoord op die dissipels se vraag: **"Wat vir 'n MENS is Hy?"** word nie gevind in die goddelike magte wat Hy gebruik het, voordat Hy vlees geword het en onder ons kom woon het nie, of in die goddelike mag wat vandag Syne is in die hemele nie. Die antwoord kan slegs gevind word in Sy aardse (menslike) lewe.

Hy het daardie lewe geleef as 'N VOORBEELD vir hulle wat Hy in die wêreld gelos het om die werk te voltooi wat Hy begin het toe Hy hier was. **Christus het 'n VOORBEELD nagelaat, sodat JULLE sy voetstappe kan navolg (1 Pet. 2:21).** Hy was ons Meester en ons Sy dissipels (elkeen wat volleerd is) SAL SOOS SY MEESTER WEES! As Hy krag gebruik het wat nie tot ons beskikking was nie, sou dit vir ons onmoontlik wees om Sy voorbeeld te volg. Maar Hy het aan ons die belofte gegee dat ons DIESELFDE KRAG sal ontvang, en vanuit DIESELFDE BRON as wat Hy ontvang het!

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Wees soos die Meester)

Ek kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met KRAG UIT DIE HOOGTE (Luk 24:49). Maar julle sal KRAG ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom (Hand. 1:8). En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word (Mark. 16:17en18). Kyk, Ek gee aan julle die MAG – oor al die krag van die vyand (Luk. 10:19).

Wie in My glo, DIE WERKE WAT EK DOEN, SAL HY OOK DOEN (Joh. 14:12).

Alhoewel Hy ryk was (in hemelse heerlikheid en goddelike mag) terwille van julle het Hy arm geword, SODAT JULLE DEUR SY ARMOEDE RYK KAN WOORD (2 Kor. 8:9).

Hy het dit alles eenkant toe geskuif soos 'n mantel, en sy groot rykdom opsy geskuif, en hierdie wêreld binne gekom as 'n baba, in die beeld van 'n dienskneg, sonder reputasie en onder die mense gewoon as een van hulle **(Fil. 2:7).** Tradisionele geskrifte soos die Apokriewe Boeke beskryf wonderwerke in Sy kinderdae, maar **die Woord van God sê baie duidelik dat: Hierdie EERSTE EEN van Sy tekens het Jesus te Kana in Galilea gedoen (Joh. 2:11)**. (Daar het Hy water in wyn verander). **HY HET GEEN WONDERWERKE GEDOEN of enige bomenslike kragte geopenbaar, VOORDAT DIE HEILIGE GEES OP HOM GEKOM HET NIE! (Matt. 3:16 en 17 en Joh. 1:33).** Dit was toe **"God Jesus van Nasaret gesalf het met DIE HEILIGE GEES EN MET KRAG,** dat Hy **die land deurgegaan het, goed gedoen het en almal genees het wat onder die mag van die duiwel was, OMDAT GOD MET HOM WAS (Hand. 10:38).** Hierdie was die geheim van Sy sukses AS 'N MAN.

Wat vir 'n mens is Hy?

'n Mens GESALF MET DIE HEILIGE GEES EN MET KRAG. En God was met HOM! Onthou die hele tyd, dat Hy 'n man was, wat in ELKE OPSIG 'N WARE MENS was. 'n Mens wat ELKE VERSOEKING bekend aan die mens kon hanteer! 'n Man wat (alhoewel Hy God was en daarom alomteenwoordig) net op een plek op 'n slag was. Alhoewel Hy, as God, nooit gesluimer of geslaap het nie **(Ps. 121:4)**, as 'n mens was Hy moeg **(Joh. 4:6)** en moes Hy slaap **(Matt. 8:24)**. Hy moes te voet gaan van plek tot plek, warm, moeg, stowwerig – Sy spoed beperk tot stap, Sy voete wat die onaangetaste goue strate van die hemel bewandel het, was nou besoedel en gekneus deur die stof en klippe van die ruwe en vuil Oosterse strate en paaie van Palestina. Hoe het Hy nie ook die reinigende koelheid van die gewoonte van voete was voor ete verwelkom nie, wanneer 'n onselfsugtige persoon daaraan gedink het om Hom op hierdie wyse te bedien! Hy het honger en dors gely; eensaamheid, uitgeputheid en pyn geken. Hy, van wie daar gesê is: **"Want al die wilde diere van die bos is myne die vee op berge by duisende. Die wêreld is myne en sy volheid" (Ps. 50:10 en12)** het as MENS niks vir Homself opgeëis nie, maar het self armer geword as die jakkalse en voëls, want Hy het nie eers plek gehad om Sy hoof neer te lê nie **(Luk. 9:58)**.

Al hierdie dinge het HY GEWILLIGLIK vir ons, gedoen, sodat ons mag deel in die rykdom van Sy heerlikheid. Toe Satan Hom in die woestyn versoek het (Matt. 4:3 en 4) was die eerste versoeking dat Hy moes optree in die skeppende krag van die EWIGE SEUN VAN GOD, sodat Sy menslike honger gestil kon word. As Hy dit gedoen het sou Hy nie daarin geslaag het om op elke gebied soos die mens te wees nie. Dit was vir Satan belangrik dat Jesus juis hier sou misluk. Maar Jesus het nie voor hierdie versoeking geswig nie. Hy antwoord ferm as 'N MAN! " Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie maar van elke Woord wat uit die mond van God voortkom" (Matt. 4:4).

Hy het graag na Homself verwys as die **SEUN VAN DIE MENS.** Aangesien dit duidelik uit die Skrif blyk dat Jesus ons natuur en beperkings op Hom geneem het, sodat Hy vir ons 'n behoorlike voorbeeld sou wees, is dit uiters noodsaaklik dat ons daardie voorbeeld deeglik sal bestudeer en die volgende vraag ernstig oorweeg: **"Hoedanig MOET JULLE NIE WEES in heilige wandel en godsvrug nie?" (2 Pet. 3:11)**

Hy was 'n man van krag. Hy het gepraat soos

(Vervolg of Bl. 4)

een met gesag **(Mark. 1:22)**. Die mense was hieroor uiters verbaas, want die godsdienstige leiers van Sy dae het niks van hierdie krag geweet nie, en teologiese verduidelikings verkondig. Jesus het dwarsoor al die lyne van hul fyn leerstellings gesny, en het DEUR SY WOORDE VAN GESAG duiwels, siekte en swakhede verdryf.

Wanneer Hy gespreek het, HET DINGE GEBEUR! Hy het gepraat soos een met gesag WANT HY HET GESAG GEHAD! Die tradisionele godsdienstige leiers het nie gepraat soos Hy gepraat het nie, omdat hulle nooit die gesag ontvang het oor die mag van die vyand nie. **Hoeveel "godsdienstige" leiers van vandag praat nie soos skrifgeleerdes en Fariseërs nie! Hulle wat soos HULLE MEESTER IS, praat met gesag** – die gesag wat aan Christus behoort het, toe Hy op aarde was, want Hy het dit van die Vader ontvang **(Joh. 5:27)**. Hy het gekom in die Vader se Naam **(Joh. 5:43)**, en as Sy wettige VERTEENWOORDIGER om Sy Vader se werke te doen …… **(Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het Joh. 9:4).** Toe Hy op aarde was het Hy dissipels gekies (eers twaalf, **Luk. 9:1**, toe sewentig ander, **Luk. 10:1,19)**, wat Hy as "afgevaardigdes" aangestel het, en aan hulle dieselfde reg en mag gegee as wat Hy gebruik het.**(Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons IN U NAAM. Luk. 10:17).**

Sodoende is hulle opgelei onder Sy direkte toesig om gereed te wees om voort te dra **"alles wat Jesus BEGIN doen en leer het" (Hand. 1:1),** wanneer die tyd sou kom vir Hom om terug te keer na Sy Vader.

Noudat hy terug is by die Vader, en verheerlik is aan die Regterhand van God, het Hy nie beplan dat die werk wat Hy hier begin het met soveel lyding en opoffering, dood moet loop nie. Voordat Hy weggegaan het, het Hy die mag en gesag nagelaat vir die voortgang van Sy werk. Hulle wat in Hom glo word Sy verteenwoordigers, en word beveel om **IN SY NAAM (deur Sy gesag en opdrag) al die dinge te doen wat Hy Self sou doen as Hy teenwoordig was in die vlees! IN MY NAAM sal hulle duiwels uitdryf, hulle sal met nuwe tale spreek; slange sal hulle op neem** (nie om God te versoek nie, maar as dit per ongeluk gebeur het. **Hand 28:3-5**) **en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word (Mark. 16:17en18). En wat hulle ook IN MY NAAM mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word (Joh. 14:13).**

Die gawes wat Hy aan die kerk gegee het vir die vervolmaking van die heiliges, vir die bediening, vir die stigting (opbouing) van die liggaam van Christus (Sy kerk) **Ef. 4:8-12**, dek al die groot en magtige dinge wat Jesus gedoen het toe Hy hier in die vlees was **(1 Kor. 12:7-11)**.

Nooit het Hy geleer, direk of indirek, dat hierdie mag van die wêreld sal verdwyn as Hy dit verlaat nie.

Inteendeel, Sy laaste opdrag aan hulle wat Hy agtergelaat het was: **"Alle mag is aan My gegee in die hemel sowel as op die aarde. GAAN DAN HEEN** (omdat hierdie mag SYNE was, en deur Hom ONS S'N **Luk.24:49, Hand.1:8**) **maak dissipels van AL DIE NASIES …. En leer hulle om ALLES (die siekes te genees, die melaatses te reinig, dooies op te wek, duiwels uit te dryf, verniet het julle ontvang. Gee verniet. Matt. 10:8) TE ONDERHOU (gehoorsaam) wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen (Matt. 28:18-20).**

Hierdie dissipels, gesalf met die Heilige Gees **(Hand. 2:4) "het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het SAAMGEWERK en die woord bevestig deur die tekens wat DAAROP GEVOLG HET" (Mark. 16:20).**

So lank as manne (en vroue ook!) gesalf is met die Heilige Gees, en God is met hulle, soos dit met Jesus die geval was **(Hand. 10:38)** en ook met die vroeë dissipels **(Mark. 16:20)** en soos Jesus gesê het dit sou wees **"tot aan die voleindiging van die wêreld" (Matt. 28:20)** sal die werke wat Jesus gedoen het voortgaan!

Die dissipel/leerling wat krag ontvang sonder om dieselfde prys te betaal, sou bo sy meester wees. ·

THE FESTIVAL OF TRUMPETS

ROSH HA SHANNAH [21-22 September 2017]

The Festival of Trumpets is not a musical concert! It is a celebration of the Biblical Festival – Yom, Truah – the Feast of Trumpets. This was one of the seven festivals which Israel was commanded to observe.

"On the first day of the seventh month you shall observe a day of rest, a memorial announced by blowing of trumpets, a holy convocation." (Leviticus 23:25)

The Feast of Trumpets was the beginning of a 10 day period of preparation for Yom Kippur – the Day of Atonement – the most sacred day on Israel's calendar. You might say, "Oh! That's got nothing to with us Christians today!" But as we study the Scriptures we can understand the prophetic significance of "Trumpets." In fact, all the seven "Feasts of the Lord" of Leviticus 23, have been, or will be fulfilled by Yeshua the Messiah. (Yeshua is the original Hebrew Name of Jesus).

Passover was fulfilled by the death of Christ. The Wave Offering was fulfilled by His resurrection. The Feast of Unleavened Bread is fulfilled by His work of Sanctification. Shavuot (Pentecost) was fulfilled when the Holy Spirit was poured out on the Body of Christ. Yom Kippur (Atonement) has been fulfilled for us by the Ascension of our Saviour into the inner sanctuary in the temple in Heaven. (Hebrews 9:11-12)

Sukkot, the Feast of Tabernacles has been fulfilled by the Shekinah glory of God indwelling believers lives – "Christ in you the Hope of Glory."

Yom Truah (Trumpets) is to be fulfilled when**....** ***"the Master Himself will descend from heaven with a shout, with the voice of the archangel, and with the trumpet call of God. Then the dead in Christ – those who died in union with the Messiah – shall rise first. Then we, the living believers who remain, will be caught up together with them in the clouds, to meet the Master in the air. And so we will be with the Master forever."*** **(1 Thessalonians 4:16-17)**

This is the day that believers are keenly awaiting – the return of our Saviour to take us to the Father's House. And this is the main significance of the Feast of Trumpets of Christian believers today.

An Old Testament reference to the ascension of Christ is found, we believe, in **Psalm 47:5**: ***"God has gone up with a shout, the Lord, with the sound of a trumpet."***

Messiah rose victoriously from the tomb, and ascended on high; and He will soon return with the shout of victory, in power and great glory. ***"Look! He is coming with the clouds, and every eye will see Him, even those who pierced Him." (Revelation 1:7)***

There is yet another prophetic significance in the Feast of Trumpets; and it concerns the Day of the Lord, the Day of Great Tribulation of which Yeshua the Messiah warned. ***"For then there will be a great tribulation, such as has never occurred since the beginning of the world until now, and there will be nothing like it again." (Matthew 24:21)***

The book of Joel also warns of this day; and the Lord charges Israel to ... ***"Blow a trumpet in Zion, and sound an alarm on My holy mountain! Let all who live in the land tremble; for the Day of Yahweh is coming, surely it is near – a day of darkness and gloom, a day of thick clouds and gross darkness ... There has never been anything like it, nor will there ever be in the ages to come." (Joel 2:1-2)***

So a celebration of the Feast of Trumpets today should focus on these four aspects:

1. The Rapture – the Master descending in the clouds to gather His people to the Father's House.
2. The Tribulation – a warning of the wrath that is coming upon the whole world – upon those left behind.
3. The Day of the Lord – a warning to Israel of the "Time of Jacob's Trouble" that's drawing near. (Jer. 30:7)
4. The Return of Messiah as King of Kings to reign in righteousness.

Believers are encouraged to celebrate the Festival, as they are led by the Master; maybe a special program in your church, Sunday School, Bible study, school, office or in your home. Invite friends or neighbours into your home, and share the message with them. Yom Truah for the believer means, proclaiming the return of Yeshua the Messiah.

Awaiting and looking for the blessed hope – the glorious appearing of our great God and Saviour, Yeshua the Messiah; who gave Himself for us, that He might redeem us from all lawlessness, and purify for Himself a people who are uniquely His own; people zealous to do good works. (Titus 2:11-14.

UNDERSTANDING THE FESTIVALS OF YOUR JEWISH NEIGHBOUR

The next few weeks are very significant for most Jewish peo-

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - The Festival of trumpets)

ple. Each of the holy days is honoured within a framework that helps to convey the underlying meaning. Some are solemn, some joyful, all are taken seriously. The Rosh Hashanah car is your way of showing friendship and at the same time acknowledging the spiritual significance of the Feasts.

Rosh Ha-Shannah (Head of the New Year) 21-22 September 2017

This marks both the Jewish New Year's Day (year 5764) and the first of the 10 days of introspection that lead up to Yom Kippur. In Leviticus 23:24 God commanded the loud blowing of trumpets to call the congregation together for a very solemn assembly. Hence there is both celebration in welcoming in the New Year but also a seriousness in considering what lies ahead in the ensuing days. Lev. 23:23-25; Numbers 10:9-10 and 29:1

Yom Kippur (Day of Atonement) 30 September 2017

This was the only day of the year when the High Priest could enter the Holy of Holies to seek forgiveness for the people for their sins. Today there is no temple and it has become a day of prayer and fasting. A single blast of the shofar signals the end of the day. Leviticus 16:29-34 and 23:26-32.

Sukkot (Tabernacles) 5 -6 October 2017

Celebrates the final ingathering of the harvest. As a reminder of their dependence upon the Lord during their wandering in the desert, booths (succa's) are built out of branches and leaves. Most take their meals in these and some will even sleep in them. Leviticus 23:33-44; Deut. 16:13-15; Zech. 14:16-19.

On the last day, that great day of the feast, Jesus stood and cried out, saying, If anyone thirsts, let him come to me and drink. He who believed in me, as the Scripture has said, out of his heart will flow rivers of living water." But this he spoke concerning the Spirit, whom those believing in him would receive." John 7:37-39.

Jesus was speaking during the holiday of Sukkot, the Feast of Tabernacles. He had gone up to Jerusalem to celebrate the Feast, one of the three Biblical pilgrimage festivals of the year. The Feast of Tabernacles comes at a critical time in Israel's agricultural cycle – the end of one agricultural year and the beginning of the next. The farmers finish harvesting the grapes, figs, pomegranates and dates. Soon the ripe olives will be picked. Sukkot is thus the time of rejoicing and thanksgiving!

This year the Feast of Tabernacles (Sukkot) is on the 5-6 October, and this is also the time when thoughts and prayers turn anxiously toward the year's first rains which in Israel often begin soon after Sukkot. Today as in Biblical times, people who live in Israel have an acute awareness of the value of water. During the long rainless summer months – at least half the year – the ground has become parched and much of the wild vegetation has dried. All wait for the first autumn rains that will bring the earth back to life.

Without the rains in their proper season, there will be no wheat or barley, no grapes, figs or pomegranates, no dates or olives – the seven crops that sustained life in Biblical times. If there is no rain, there is no life.

Because of their utter dependence on this precious and often scarce rainfall, it is not hart to understand how "living water" – an every flowing source of that which is precious and life giving – became the most used Biblical illustration of the Holy Spirit. The above Scripture in which Jesus promises the believers **'streams of living water'** is just one of many examples. **Sukkot** is seen as the time when the coming year's rains are determined, and several of this Feast's customs relate to prayer for good rainfall.

On each of the seven days of the holiday, water was drawn from the (Shiloah) spring near Jerusalem, brought to the Temple with great fanfare and poured over the altar, representing the hope for a year blessed with rain. Another important feature of Sukkot is the willow. It can grow only near water, wilts quickly when cut, and thus came to symbolise dependence on water. In the times of the Temple, tall willow branches were cut and placed upright round the altar. As the branches wilted and bent their tips inward over the altar, the people called out: **"Save now, I pray, O Lord, O Lord, I pray, send now prosperity". (Psalm 118:25)**

And that brings us back to John 7. Jesus was speaking to the people gathered in Jerusalem **"on the last day, that great day of the Feast" –** the day when their prayer for water reached its culmination. If drink for the thirsty and **"living water"** were always powerful images for the inhabitants of an arid land, these word no doubt rang even more strongly at that particular moment – and do so today as we understand the vital part that water plays in every part of our physical life. Jesus tells us in John 4:14: **"… but whoever drinks of the water that I shall give him will never thirst. But the water that I shall give him will become in him a foundation of water springing up into everlasting life".** How much more therefore do we not need to drink of Him Spiritually so that we never need thirst again. ·

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667, Kode: 220129

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



UIT ONS KANTOOR

JY MAAK SAAK VIR GOD!

Geliefdes,

MAAK JOU TEMPEL 'N HUIS VAN GEBED

Ons lees in **Mark. 11:17**: Toe het Hy hulle geleer en gesê: **"Is daar nie geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word vir al die nasies nie? Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak."**

Dit sou wonderlik gewees het dat elke keer wanneer ons gebid het, die antwoorde gou gekom het. Dank God vir onmiddellike resultate, maar wat doen ons wanneer die resultate nie dadelik is nie? Die beloftes van God is daar vir ons, maar as hulle nog moet manifesteer in ons omstandighede, wat moet ons in die tussentyd doen?

Jesus het ons gewys wat om te doen. Nadat Hy die vyeboom vervloek het, het die boom nie dadelik verdroog nie **(Mark. 11:14).** Wat het Hy toe gedoen? Hy het na die tempel in Jerusalem gegaan en dit skoongemaak, en gesê dat dit 'n huis van gebed moes wees en nie 'n rowerspelonk nie **(Mark. 11:15–17).** Na die reiniging van die tempel, toe die dissipels dieselfde vyeboom die volgende dag gesien het, was dit verdroog van die wortels af! **(Mark. 11:20–21)**

Vandag is jy die tempel van God **(1 Kor. 3:16).** Jou tempel behoort 'n "huis van gebed" te wees of dit word 'n " rowerspelonk ". Hierdie diewe, of magte van die duisternis, sal steel en uit jou tempel, wat jou liggaam is, roof **(1Kor. 6:19).** Hulle sal jou besteel en beroof van jou krag, gesondheid, jeugdigheid, wysheid, hoop en drome.

So, maak jou tempel 'n huis van gebed deur gereeld in tale te bid **(Ef. 6:18)**. Wanneer jy in die Gees bid, bid jy volmaakte gebede. Dit is omdat die Gees Self intree vir jou wanneer Hy deur jou bid in tale **(Rom. 8:26).**

Hoe dikwels moet ons bid?

Wel, hoe dikwels in 'n dag val die vyand jou aan met vrees, angs en bekommernis? Hoe dikwels herinner daardie siekte jou in jou liggaam dat dit daar is? Hoe gesond en heel wil jy wees?

Geliefde, soos jy jou tempel 'n huis van gebed maak, sal die magte van die duisternis wat jou besteel en beroof het totaal uit jou lewe verdryf word. Jy sal die manifestasie waaroor jy in jou omstandighede gespreek en vervloek het sien wegkwyn!

Weereens baie dankie vir julle ondersteuning, deur jul gebede, liefde en finansies, waarsonder ons die verspreiding van die Woord vanuit die Sentrum nie sou kon doen nie.

Ons is baie lief vir julle en bid steeds vir elkeen. Onthou aanhou bid, al lyk dit soms onmoontlik. God is die God van die onmoontlike. Ons bid vir die skoliere en studente wat eksamens skryf, dat dit baie goed sal gaan en elkeen sal seën.

Meg en die Gebedspan

GETUIENISSE

Greetings brethren,
Good news ... Menette got discharged on Monday just after you prayed for her...she is speedily recovering ... new kidney is developing and she regained strength ... praise be to our Lord Yeshua .... all the doctors and specialists said its impossible for healing in her case .... but she is being healed .... thank u so much.
Sydney

Goeiemôre Stanger gebedsgroep
Eerstens wil ek terugvoer gee oor twee versoeke wat ek onlangs aan u gerig het. Die Here het wonderbaarlik voorsien. Dit was die versoek vir iemand wat finansiële hulp nodig gehad het. Die Here het vir 'n groot projek van werk voorsien. Prys die Heer!!
Die tweede was 'n versoek van 'n vrou wat ernstig siek was. Sy is wonderbaarlik genees sodat sy weer kan terugkeer werk toe.
Vriendelike groete en God's rykste seën op die bediening
Mev. Jermene Kotzé

Liewe Gebedspan,
My dogter se tande het wonder bo wonder normaal, gesond en reguit uitgegroei - vanself, sonder dat enige operasie nodig was! Ek dank en prys die Here ook vir hierdie genade. Prys die Here!!
Die rugpyn het verdwyn nog voor ons gevlieg het en die feit dat ek in n rolstoel moes reis weens my gebreekte voet het vir ons so baie voordele op vlugte en in die VSA gebring.
Alles was goed en voorspoedig en wonderlik.
Die Here se genade was met ons en Hy het die ongelyke pad gelyk gemaak.
Anonymous

Ek wil net baie baie dankie se vir u gewilligheid om altyd saam te bid. Ek het n paar dae gelede dringende gebed gevra vir klein Lumarie de Klerk wat in die hospitaal opgeneem is - beterskap het dadelik ingetree, sy is die volgende dag ontslaan en word vinnig gesond. Nogeens baie dankie, ons dien n wonderlike Here!
Baie baie dankie!
Sarah Wessels

Ek wil net God bedank vir Sy goedheid. En boonop dat ek gemoedsrus het dat ek werklik bekeerd is en my bestemming die hemel is. Ek is absoluut verheugd dat ek en my moeder, Yvonne en broer en susters nader aan God en mekaar gekom het. Ek bid ook vir jul, Meg en die Gebedspan en opreg dankie vir jul voorbidding.
Dankie by voorbaat.
Yvonne Kontadriopulos

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

HOOP WAT NIE TELEURSTEL NIE.
Rom. 5:5: En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.
Vandag druk ons hoop uit asof ons nie seker is wat werklik sal gebeur nie. Ons sê: "Ek hoop ek sal die eksamen slaag. Ek hoop dit reën nie môre nie. Ek hoop alles werk goed uit."

"Hoop" in die Bybel is egter 'n seker en positiewe verwagting van die goeie. God wil hê dat jy 'n seker verwagting van die goeie moet hê, want as Sy kind, bevoorreg Hy jou. Omdat Christus in jou is, die hoop van die heerlikheid **(Kol. 1:27)**, Kan jy die heerlikheid van God verwag om in elke area van jou lewe te skyn, insluitend jou familie, werk, bediening, gesondheid en finansies!

God se Woord sê: **"En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."** Jy mag teleurgestelde hoop ondervind het, maar daar is 'n hoop wat nie teleurstel nie wanneer jy bewus is van hoe lief God jou het. Dit is 'n hoop wat uit die hart van God ontspring, wie jou baie lief het.

Dit is interessant dat die Heilige Gees in die Boek van Romeine die eerste keer genoem en verbind is met die liefde van God. Romeine word beskou as die fondasie vir Christene. Kan dit wees dat die eerste ding wat die Heilige Gees in ons harte wil vasmaak is dat God ons liefhet? Baie mense dink dat die Heilige Gees gekom het om ons oor krag te leer. Die waarheid is egter dat die Heilige Gees nie gekom het om die mag vir liefde te openbaar nie, maar die mag van liefde!

My vriend jy het miskien nou net jou werk verloor. Jy kan egter sê: "Jesus het my lief dit kan ek sê, Jesus het my lief dit weet ek ". Jy kan ook sê: "Ek glo ek sal 'n beter werk môre kry." Jou vriendin het jou miskien vir jou beste vriend gelos. Omdat jy egter kan sê: " Jesus het my lief dit weet ek." Kan jy ook sê: " Ek sal 'n beter meisie ontmoet."

Wanneer jy glo dat God jou liefhet, sal jy 'n positiewe verwagting van die goeie hê. Jy sal 'n hoop hê wat nie sal teleurstel nie. Wees dus versigtig waarvoor jy hoop, want jy sal dit kry!